Akasha: Britse sakeman is beïndruk met bootbouer – en die land

Drama toe superjag te water gelaat word

Grootste dubbelromp wat in SA gebou is, kos R15 m.

EBEN HUMAN

KAAPSTAD. – Daar was ook 'n bietjie drama voor die Britse sakeman mnr. Ralph Auchincloss se reuse-dubbelromp Akasha gister uiteindelik in die water in gelig is in die Tafelbaaihawe.

Die vorige dag is die reus van 23 m op die kaai gelaat nadat die hyskraan té klein was. 'n Groter een is gister ingespan voordat die weeldeboot veilig in die water laat sak is.

"Die vakmanskap is uitstekend. Ek dink die mense gaan nou begin toustaan by Peter Wehrley vir sy volgende boot," het die trotse eienaar gister gesê.

Auchincloss het sowat R15 miljoen betaal vir dié grootste dubbelromp wat nog in Suid-Afrika gebou is. Wehrley het reeds 'n tweede een in aanbou en ook 'n paar moontlike kopers – insluitende Auchincloss.

Net die heel beste was goed genoeg vir dié superjag, wat op pad is na die Maagde-eilande. "Ons het geen begroting gehad nie – wat eintlik baie lekker was," het die trotse eienaar gesê.

Die afwerking binne gaan 'n sterk Suid-Afrikaanse karakter hê met plaaslike kunstenaars se werk – insluitende afdrukke van kunswerke deur oudpres. Nelson Mandela.

"Ek het baie vertroue in jul land se toekoms. Dit was die Waarheid-

Die Britse sakeman mnr. Ralph Auchincloss (links), nuwe eienaar van die Akasha, saam met sy vriendin, mej. Hillary Cheese, en mnr. Peter Wehrley, ontwerper en bouer van die droomboot. (www.foto24.co.za 20050325154130) Foto: YUNUS MOHAMED

en-versoeningskommissie wat my dié vertroue gegee het en laat besluit het om my sakebelange in 1994 na Suid-Afrika uit te brei," het Auchincloss gesê.

Die volgende twee weke sal die Akasha se sitplekke hul leerbekleedsels kry en die afrondingswerk gedoen word.

Heelwat fotosessies word voorsien voordat dié eg Suid-Afrikaanse produk op sy nooiensvaart via die eiland St. Helena na die Karibiese eilande vertrek.

"Peter is 'n perfeksionis. Hy het geen moeite ontsien nie," het Auchincloss gesê.

Die ontwerp is indrukwekkend. Op die bodek is die werkgebied waar die bemanning van sewe die seile sal verwissel.

Die onderste dek het 'n groot onthaalgebied met sy eie kroeg. Dan is daar 'n kombuis so groot soos wat jy in 'n huis sou verwag en enige sjef wat ter see gaan, se droom sal wees. Die jag kan veertien mense huisves en die kajuite is ruim.

Auchincloss en sy vriendin, me. Hillary Cheese, sal saam vertrek op die nooiensvaart na die Karibiese eilande.



'n Gewigtige taak. Só het die hyskraan die reuse-dubbelromp Akasha Donderdag gelig voordat vasgestel is die hyskraan is te lig. Die luukse boot, wat deur Matrix Yachts in Killarney gebou is, is gister uiteindelik te water gelaat voordat hy na die Waterfront gegaan het. (www.foto24.co.za 20050325134950) Foto: JUHAN KUUS